

Maandag 7 Junie

Skrifgedeelte: Handeling 17:1-14
(1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Handeling 17:4,
12

Tweërlei reaksie

Ons ken dit goed: groot skares ontevrede mense wat bymekaar kom en betoog oor dit wat hulle kwaad maak. Met geweld en die tirannie van die massas probeer hulle hul sin afdwing.

Paulus en Silas beleef dit ook. Na die wonderbaarlike bevryding uit die tronk in Filippi is hulle nou in Tessalonika, een van die rykste en invloedrykste stede in Masedonië. Soos gewoonlik gaan hulle reguit na die Joodse sinagoge toe en begin die evangelie van Jesus Christus aan hulle verkondig.

Die reaksie is tweërlei: 'n groot groep mense kom tot bekering (vs 4) – en 'n groot groep mense (onder Joodse aanvoering) betoog en skreeu om hulle met geweld uit die stad uit te dwing. Wanneer Paulus en Silas dan in die donker weggaan na Berea, gebeur dieselfde. Hulle preek, 'n groot groep mense kom tot bekering (vs 12), maar die Jode kom daar ook betoog en weer moet hulle vinnig weggaan.

En só lees ons regdeur die boek Handeling dat dit die reaksie is op die evangelie van Jesus Christus: daar is bekering en daar is weerstand. Maar só het ons Here Jesus ons mos gewaarsku: "... As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg ..." (Joh. 15:20).

En tog, in Tessalonika en in Berea kom groot getalle mense tot bekering. Jy sien, die Gees stuit nie voor mensemensas wat betoog en lawaai nie. Hy maak harte oop vir die waarheid van die evangelie waar en wanneer Hy wil.

Daarom: moenie skrik vir die massas wat skreeu en lawaai nie. Sien ons Here Jesus raak waar Hy te midde van jillende massas sy verlossingswerk op aarde koninklik voltooi. En weet dat sy Gees sy besig is om kragtig in menseharte te werk.

Sing: Skrifberyming 15-7:1, 5, 6

Dr. EJ Smit (Rassie) (Wapadrant)